

Inhoud Hierdie preek wys dat God se sorg en beskerming steeds die sekuriteit van hulle is wat in die angste leef van getraumatiseerde geweld. Dit wys dat God nie die God van ons angsvolheid is, maar die God is wat ons in die werklikheid van sy liefde en sorg vashou, al is dit nie meer vir ons aanvoelbaar in ons trauma nie. God en wie Hy is vir die werklikheid van ons lewe, nie die bedreigings en vereensaming wat ons aanvoel in ons angste nie.

Skriflesing Ps. 42/43; 1 Korintiërs 10: 1 – 4.

Teks 1 Korintiërs 10: 4 b Hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus.

Tema God maak Homself in Christus ons Rots in ons vertwyfeling

1. Psalm 42/43 gaan oor 'n gelowige wat homself nie aan sy eie vertwyfeling kan oorgee nie omdat God hom in sy sorgsaamheid en beskerming vashou.

'n Mens is soms baie vreemd! Baie keer staan ons by 'n waterval by 'n baie hoë afgrond. Meeste van ons het al by sulke watervalle op hoë hoogtes gestaan en afkyk, en geweet dat sou jou voet gly, dan sal jy met die watermassa meegesleur word en oor die afgrond jou dood val. Terwyl jy dan só op 'n stewige en vaste rots staan en afkyk, begin dit vir jou voel of jy gaan val en deur die watermassa meegesleur gaan word. Baie keer word 'n mens hierdeur só onseker net omdat jy jou teen hierdie gevaar vaskyk, dat jy begin voel jy val, begin jy onseker loop en moet jy dan gaan sit en vashou aan die rots wat nooit onder jou sal padgee nie.

Dit is hoe die skrywer van Psalm 42/43 voel en iets van God ontdek van die rots waarop hy staan terwyl hy na 'n bruisende en vallende watermassa kyk.

Ps. 42/43 gaan oor 'n gelowige wat uit sy geloofsgemeenskap losgeruk is en van die gemeenskap van God se volk vervreem is. Hy moes uit Jerusalem weens die geweld van goddeloses teen hom wegvlug na die Hermon-gebergtes in Noord- Oos Israel. Dit is amper iets soos die Swartberge hier by ons in die Kaap bokant die droë Karoo. Terwyl hy bo in die berge op 'n vaste rots staan kyk hy na die bruisende watermassa wat uit die sneeubedekte bergtoppe afkom en na benede val, ervaar hy in hierdie kontras van die vaste rots waarop hy staan en die bruisende, kolkende, vallende watermassa wat na benede val iets van sy eie wisselvallige gemoed en God se betroubaarheid.

Hy is verskeur in die wisselvalligheid

- van die magteloosheid om deur die watermassa oor die afgrond meegesleur te word en die vaste sekerheid van die rots bokant die watermassa;

God maak Homself in Christus ons Rots in ons vertwyfeling

- van water as die bron van verlossing van dors waarna hy smag teenoor water wat jou na die dood meesleur en
- die rus van die verlede se vaste sekerheid soos 'n rots en die onstuimigheid van die druk, nood en ellende waarin hy in die hede bevange is deur die geweld van goddeloses wat hom uit sy gemeenskap verdryf en as vlugteling vereensaam het.

2. Hierdie kontraste wys die geloofsstryd waarin hierdie gelowige worstel – dit is 'n wisselvalligheid van sekerheid en onsekerheid oor God self.

Binne die onmag van die geweld wat goddeloses hom aandoen en die onregte wat hulle teenoor hom pleeg, voel hy Godverlate, maar terselfdertyd voel hy weer dat die magtigheid van God hom veilig laat staan bokant die geweld en onreg teen hom.

Sy innerlike gemoedskonflik gaan oor die stryd oor wat is werklik en oor wat moontlik is: die rots waarop hy staan, stewig en onwankelbaar en wat nooit onder hom sal pad gee nie en die voorsiene moontlikheid om deur die onstuimige watermassa oor die afgrond meegesleur te word.

Dit is die wisselvalligheid waarin Hy God as Rots aanroep wat hom sou vergeet het, maar ironies genoeg voel die Rots wat hom vas laat staan, het hom vergeet!

Hoe so?

Want die geweld van die goddeloses het soos golf op golf aanhoudend oor hom geslaan. Hierin vind ons die gelowige as 'n mens wat deur geweld só getraumatiseer is dat hy in homself van die werklikheid wie God vir hom is, geïsoleer en vervreemd voel.

3. Ons moet die karakter van hierdie innerlike wisselvalligheid in sy getraumatiseerdheid raaksien!

Dit gaan nie hier om 'n gelowige wat spartel om op God sy Rots te kom omdat hy in die bruisende watermassa is nie. God maak homself vir hom die Rots en God laat hom stewig op Hom staan bo die watermassa! Dit gaan oor sy eie verwarrende wisselvalligheid waarin hy spartel terwyl hy weet hy staan op God sy rots.

Wat is die karakter van hierdie geloofsworsteling?

Dit gaan nie oor God se sorg wat weg is nie, maar oor God se sorgsaamheid wat in die gemoed van hierdie geïsoleerde, geweldsgetraumatiseerde gelowige vir hom nie meer aanvoelbaar is nie.

God maak Homself in Christus ons Rots in ons vertwyfeling

Sy isolasie is nie maar sommer net sy verbeelding of waanbeelde waarbinne hy worstel nie. Hy is deur die geweld van goddeloses

- werklik weggeruk uit die gang en samesyn van die gemeenskap en kerk
- werklik vereensaam op die Hermongebergte
- werklik verontreg en vervreem deur brute gewelddadigheid.

Hierdie werklike effek van werklike geweld het God se sorgsaamheid nie van hom weggeneem nie. Dit is juis sy rots in sy vertwyfeling, maar dit het die aanvoelbaarheid van God se sorg weggeneem.

Wat vat die aanvoelbaarheid weg? Dit is angs! Dit is wat hy in die bruisende, vallende watermassa voel: hy word willoos en magteloos heen en weer geslinger binne die geweld van goddeloses. Die ironie van sy wisselvalligheid is dat dit juis God is wat hom só wisselvallig maak en maak dat hy hom nie aan sy eie angs kan oorgee nie. In sy eie gemoed is hy in angs bevange in die trauma van geweld, terwyl God hom juis ten spyte van sy angs in sy sorg hou en beveilig.

Dit maak dat die gelowige worstel met wat is werklik, dit wat hy in sy angs as werklikheid ervaar of dit wat God ten spyte van sy angs nog steeds doen, ongeag sy angstigheid. Dit is die wisselvalligheid tussen wat is werklik: wat ek in my angs ervaar as werklikheid of dit wie God is en doen omdat dit net die werklikheid is van wie God is.

4. Daarom gaan sy innerlike wisselvalligheid oor die teenstydigheid van tegelykertyd angs en veiligheid, gemeenskap met God in sy sorgsame teenwoordigheid en die godverlatenheid in angstigheid.

Drie keer val hierdie gelowige só heen en weer in sy gebed tot God! Drie keer bekla hy God se afwesigheid in sy angstigheid en drie keer breek hy in sy klagtes uit sy vertwyfeling in die vaste sekerheid van wie God buite sy angs is – sy Rots!

In 42 vers 3 stel hy dat Hy smag na God asof God afwesig en ver is en die geweldenaars se spot in hul honende minagting in vers 4: “En waar is jou God nou?” Die mooi van die Psalm is dat hy homself sommer in sy eie gebed in die rede val en homself tereg wys met die woorde: “Waarom kerm ek so!” Dit doen hy omdat hy in sy vertwyfeling weet God is sy helper al voel hy God is ver. vers 6

Die tweede keer stel hy teenoor God: “My rots waarom het U my vergeet?” (42: 10) en weer val hy homself in sy eie gebed in die rede met die woorde: “waarom kerm ek so” met dieselfde geloofsbelydenis: “Hy is my helper en my God.”

Die derde keer stel hy teenoor God dat hy voel God het hom verstoot 42: 2, net weer om homself met dieselfde teregwyding en geloofsbelydenis in die rede te val.

5. Hierdie gelowige kan homself nie oorgee aan die vertwyfeling wat hom in sy angstigtheid oorval nie.

Die rede hiervoor stel hy in sy gebed in 42: 3. God is en bly vir hom die lig en waarheid in al die waanbeelde en angsbeelde waarin sy gemoed vasval. God is sy Rots wat hom in 'n sorgsaamheid vashou wat totaal anders is as al die bedreigings waarteen hy hom vas staar en as werklikheid aanvoel.

God is nie die God van sy angstigtheid waarin God se teenwoordigheid, hulp en sorg afwesig is, net omdat goddeloses hom geweld aandoen nie. Dit is die waan van mag van die geweldenare wat 'n leuen is. Hulle kan nie met hul geweld God wie sy Rots is vir hom 'n ver, afsydige en onbetrokke God maak wat hom verstoot het nie.

Die onaanvoelbaarheid van God se sorg maak nie God se sorg afwesig nie. Daarom bid hy dat hierdie lig en waarheid oor wie God werklik is, sy rots, in sy eie gemoed sal deurbreek, en die waan van goddeloses se mag sal verbreek.

Die gelowige bid dat God hom sal laat wees wie God vir Hom is en nie wie goddeloses hom wil laat lyk deur hulle geweld nie. Dit is die lig en waarheid wat hy weet in sy gemoed sal deurbreek omdat God sy rots is.

6. 'n Besondere deel van sy worsteling is wáár hy homself uit hierdie vervreemding en isolasie voel. God is sy veiligheid en is sy beskerming, maar die aanvoelbaarheid van hierdie sorg breek deur die angs in die verlange na die gemeenskap van die heiliges.

In sy eie gemoed is hy uit sy isolasie en vervreemding wanneer hy terugdink aan hoe hy die Here geloof en oor die Here gejuig het in die tempel in Jerusalem met medegelowiges. Daarom bid hy ook dat die Here hom weer na sy tempel en altaar sal terug bring om daar saam met die gelowiges God te kan aanbid.

Die gemeenskap van die heiliges is nie sy rots nie. God is sy Rots, maar in die gemeenskap van die heiliges word die isolasie en vervreemding van die angs waarin goddeloses hom deur geweld bevange gemaak het, deurbreek.

7. In hierdie Psalm moet u die verskil tussen die gemeenskap van die heiliges en die gemeenskap van gelowiges ontdek!

Die kerk van die Here se sosiale samesyn, en in 'n sekere ook nie hulle geloof is nie die gemeenskaplikheid van die kerk nie. Hulle is die gemeenskap van die heiliges, nie van gelowiges nie. As die kerk die gemeenskap van gelowiges sou gewees het, dan sou dit beteken het dat hierdie skrywer in sy wisselvalligheid en vertwyfeling nie deel van die gemeenskap van die gelowiges kon gewees het nie.

God maak Homself in Christus ons Rots in ons vertwyfeling

Want hy is so wisselvallig in sy eie vertwyfeling, dat daar geen samehorigheid en onderlinge samehorigheid met hom in hierdie vertwyfeling kan wees nie. Niemand kan of wil hierdie vertwyfeling met hom meemaak nie. Hy is juis in eensaamheid buite die onderlinge sosiale verkeer met ander uitgesluit.

Die gemeenskap van die heiliges is nie hulle geloof met mekaar of hulle sosiale verkeer met mekaar nie. Die gemeenskap van die heiliges is dat hulle elkeen in hulle eie geloof en geloofsvertwyfeling, op dieselfde Rots staan. Die gemeenskap van die heiliges is die Heilige, God. God maak Homself hulle gemeenskaplike sorg en veiligheid, hulle Rots, en dit is wat hulle met mekaar deel – die Rots waarop hulle saam staan, of dit nou in geloof of in geloofsvertwyfeling is!

8. Paulus wys in 1 Korintiërs 10 vers 4 dat hierdie Rots van Psalm 42/43 soos in al die ander Psalms wat God as rots openbaar, is Jesus Christus.

In die Psalms word die eienskappe van 'n hoë veilige rots as beeld gebruik vir die sorgsame en beskermende teenwoordigheid van God. Paulus gebruik hierdie beeld maar dra dan die eienskappe van God oor op die rots, om die rots as beeld van God se sorg en beskerming nog verder uit te bou.

Daarom kan hy dan stel dat Christus is nie die rots waarheen jy moet vlug vir sorg en veiligheid soos die Israeliete en hy in die Hermongebergtes in moes vlug vir hul vyande nie. Christus is die rots wat met jou saamgaan in die geweld wat jou tref en binne die ang van isolasie en vervreemding.

Christene vlug nie na God vir veiligheid of vra vir vlugroetes binne geweld nie. God is binne hierdie geweld sorgsaam en beskermend teenwoordig. Daarom kan ons deur hierdie geweld gaan omdat die Rots saam met ons gaan.

Christene moet net só nie eers uit hulle ang kom voor hulle van God se sorg en beskerming seker kan wees nie. Omdat Hy die Rots is wat saam met ons gaan en met ons teenwoordig is, ten spyte daarvan dat dit nie aanvoelbaar is in ons ang nie, is dit juis sy teenwoordigheid wat maak dat ons nie in ons ang verlore raak nie, maar dit weer kan deurbreek, al bly dit wisselvallig.

9. Paulus verwys hier na die rots wat Moses geslaan het waaruit die water gekom het toe die Israeliete besig van dors kon doodgaan in die woestyn volgens Exodus 17.

Paulus dra weer twee betekenis van Christus op die beeld van die rots oor in hierdie verwysing deur te stel dat die Israeliete uit die geestelike rots wat met hulle saam gegaan het, gedrink het, en dat die rots Christus is.

God maak Homself in Christus ons Rots in ons vertwyfeling

In Exodus 17 is dit weer doodsangs oor daar geen water is wat die Israeliete laat voel dat God nie sorgsaam en beskermend met hulle teenwoordig is nie, maar hul verlaat het, maar dan is God die rots wat water uit 'n rots gee wat geslaan word!

Hiermee wys Paulus dat die Here wat vir ons die rots is, is die rots wat vir ons geslaan is. Hy is deur God se woede, toorn, grimmigheid en haat geslaan in sy lyding, kruisiging, sterwe en godsverlatenheid. Hy is die rots uit wie God se teenwoordige liefde, genade, goedheid en barmhartigheid vloei waaruit ons vryelik kan drink.

So is Christus ons rots. Hy gaan saam met ons om ons in sy sorg en bewaring te hou, is vir ons geslaan sodat ons in geen geweld of verlies kan glo dat die Here se woede en toorn ons tref nie, en Hy is die rots uit wie God se liefde en genade vir ons vloei.

10. Die Rots waarop ek staan is die Rots wat vir my geslaan is en saam met my gaan! Hy is ons sekuriteit in die geweld wat oor ons spoel, golf op golf!

Gaan ek my vas staar teen al die onreg wat oor my kom, al die misdaad wat voor my afspeel, omdat al hierdie geweld my tref, van 'n pomp wat gesteel word tot 'n oes en plaas wat deur die regering gesteel word. Waarheen moet ek vlug? Dan hoor ons in ons vertwyfeling die Here is die Rots wat saam met ons gaan!

Dit beteken dat in hierdie geweld gaan ons op die rots bly, want hierdie Rots gaan saam met jou! Dit is nie 'n rots waar na jy toe moet hardloop nie. Verder, hierdie Rots is nie die een hoog in 'n berg bokant die water waarna jy smag nie. Hierdie is die Rots wat geslaan is sodat daar water, drinkwater vir hulle wat smag na die water van die lewe kan drink.

Hierdie Rots hou jou nie bokant die water wat onbereikbaar is nie. Dit is die Rots wie die fontein van water is! Hierdie is nie die rots waarheen jy moet vlug om uit die geweld weg te kom nie. Christus is ons Rots in die geweld wat vir ons die fontein van lewe is waaruit ons drink.

Want in Christus gaan jy die volgende sekuriteit kry: wie is geslaan? Dit is nie ek nie, ook nie in hierdie geweld wat my tref nie. Dit is die Rots. Dit is Christus. Daarom word die Rots waarop jy staan en wat saam met jou gaan, die Rots waaruit jy drink! God se woede en oordeel het Hom getref, nie vir my nie. Hierdie geweld en onreg is en kan nooit God wees wat my slaan nie, want Hy is die Rots op wie ek staan wat vir my geslaan was. Hierdie geweld wat my tref kan nooit God se woede en toorn oor my wees nie. Hy is ons Rots.

Só bring Paulus al die betekenis van "rots" in Christus bymekaar, omdat dit net is wie Hy is en wat die waarheid van die Psalms oor God is. Paulus maak nie hierdie

God maak Homself in Christus ons Rots in ons vertwyfeling

samestelling op as 'n eie skepping nie, maar verkondig Christus só as die vervulling as alles wie God is en doen in die wet en die profete. (Rom. 1: 2; 1 Kor. 15: 3 en 4)

11. Die saak wat in ons gemoed moet deurbreek klink só: hoekom kerm ek so? Hoekom val ek so rond in my eie gemoed tussen sekerheid en onsekerheid? Hoekom is ek só wisselvallig in my vertroue in God?

Jy is nie 'n ongelowige as jy so sukkel nie! Jy is nie iemand wat nog nie 'n kind van die Here is nie en wat deur geloofsworstelinge moet spartel om bo op Christus die rots te kom nie. Dit is maar net angs!

Want as iemand so geweld aangedoen word dan is hy getraumatiseer en hierin vereensaam, geïsoleer en van die gemeenskap se samesyn vervreem. Dit is net die werklike effek van die geweld waarin ons leef.

En dit wat ek voel is net my gevoel! Daarom moet u hierdie Psalms 42/43 hoor as eintlik 'n dankgebed teenoor God waarin hierdie gelowige weet God is nie die God van sy gevoelens nie, God is sy Helper en Beskermmer ongeag hoe hy dit kan aanvoel of nie aanvoel nie!

Dit is die dankbaarheid dat God nie die God is van my angsvolle gedagtes en angsvolle gevoelens nie, dat U nie die ver en afwesig God is wie ek nie kan aanvoel nie, maar dat U God is wat met my gaan wat vir my geslaan is.

12. Kom ons wees weer die gemeenskap van die Heiliges!

Kom ons eer God, dank God loof God, vir wie Hy werklik is, die Rots wat vir ons geslaan is, nie die God wie ons nie meer in ons angstigheid kan aanvoel in die geweld wat ons tref nie.

Die Here is nie 'n psigiatryse pil teen angstigheid wat angstigheid wegneem nie. Hy is anders! Hy en die werklikheid van sy liefde, sorg, beskerming en teenwoordigheid is die werklikheid van wie ek regtig is! Daarom kan ek myself nie aan my angs oorgee en daarin wegraak as my enigste werklikheid nie.

Omdat Hy Homself my Rots in my angs maak, en elke keer wanneer ek my aan my eie aanvoelbare godverlatenheid wil oorgee, is Hy vir my die teenwoordige God! Dit is God wat my elke keer deur my angstigheid van getraumatiseerde geweld die werklikheid van sy sorg en beskerming kan laat vertrou, in my angs.

So kan ons ook in ons vertwyfeling oor aanvoelbare bedreigings net weer weet God is my Rots wat saam met my gaan.

God maak Homself in Christus ons Rots in ons vertwyfeling

Kom ons wees vanoggend vir hulle wat nie hier met ons kan wees nie omdat hulle in hul eie angs bevange is, die gemeenskap van die heiliges. Vir hulle wat alleen bang by die huis bly en nie veilig genoeg voel om weer deel van die openbare lewe te kan wees nie, vir elke jongmens wat eensaam in 'n verre land sit omdat hy of sy deur die geweld van onreg van sy eie gemeenskap en land vervreem is, vir elkeen wat voel God het my vergeet en met hierdie geweld is ek op my eie.

Kom ons wees vanoggend die gemeenskap wat die Here dank, loof en aanbid sodat hulle in hulle eensaamheid kan verlang na die tempel en altaar van die Here, dat hulle wat in angs is, in hierdie gemeenskap aanvoelbaar weer God as hul rots wat saam met hul gaan kan aanvoel!

Kom ons wees die gemeenskap van heiliges wat die Heilige loof, dank en eer sodat hulle wat in angs is weer aanvoelbaar kan weet God is nog steeds hul Rots, daar waar hulle in die Hermongebergtes alleen sit!

Kom ons juig en loof en dank die Here! Die Rots waarop ons staan, met ons gaan en wie vir ons geslaan is sodat ons lewende water uit Hom kan drink!